

Die opstanding uit die dood (1)

In Romeine 8:34 skryf Paulus dat Jesus Christus se opwekking uit die dood méér is as sy sterwe. Die Korinte-Christene het skynbaar onder invloed van Griekse filosowe en Sadduseërs hul geloof in die opstanding laat kwyn. Die Sadduseërs was 'n Joodse godsdienstige party wat verkondig het dat die menslike siel 'n blote asemtoeg is. En iets soos liggaamlike opstanding het nie een in hul gedagtes bestaan nie.

Paulus argumenteer soos volg ten spye van Jesus Christus se opstanding uit die graf: Daar is baie ooggetuies (verse 5-9); die hele evangelië van redding sou in die graf versmoor het as Hy daar gebly het – hoe kan 'n dooie Heiland enigiemand red (verse 12-20)? As die dood self nie oorwin is nie, is Jesus se verlossingswerk nie volledig nie (verse 21-28).

Waarom sou terminale bekeerlinge vra om gedoop te word as teken van hul nuutgevonde geloof in Jesus as daar niks ná die dood is nie (Calvyn se verklaring van 29)? Waarom sou Paulus homself aan lewensgevaar blootstel as alles by die graf eindig (verse 30-33)?

Soveel Christene is deesdae hooploos: ons ly aan depressie, pleeg gesins- en selfmoorde, raak afhanklik van alkohol, pille en nikotien. Is een rede dalk omdat jy "net vir hierdie lewe op Christus hoop" (vers 19)? Die geheim van Christelike hoop is om jou toekoms vandág te lewe, jou hoop van anderkant jou graf hierheen te trek!

Sing: Skrifberyming 30:1-3

Ds J Botha (Laeveld)